STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 23 - 2017 • EDITION 23 - 2017

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners

Die jaar snel voort en ons trek reeds in die derde maand van 2017. Binne die Munisipaliteit snel ons na die einde van ons finansiële jaar en is ons reeds besig met die proses om die nuwe begroting saam te stel en voor te berei vir die openbare deelname prosesse wat gaan volg.

Feeste

Maart bring ook baie opwindende tye vir ons dorp en streek. Vroeg in Maart skop ons af met die US Woordfees. Vir die kultuurliefhebbers en –fynproewers is dit 'n fees van musiek, toneel, aktuele gesprekke en baie meer. Ek sien uit daarna om 'n paar vertonings by te woon en hoop om u daar te sien. Die fees bring 'n toestroom van besoekers. Ek verwelkom graag al die besoekers aan ons pragtige dorpe en hoop julle geniet die tyd wat julle saam met ons spandeer. Ek doen 'n beroep op ons inwoners om as ambassadeurs op te tree gedurende hierdie tyd. Verskeie oesfeeste vind ook gedurende Maart plaas. Een van die gewildstes is moontlik die Solms Delta Oesfees wat groot gewildheid geniet met 'n groot aantal besoekers wat op die Franschhoek omgewing neersak.

Menseregte

Maart is Menseregtemaand in Suid-Afrika en op 21 Maart vier ons Menseregtedag. In Suid-Afrika herdenk ons die gebeure van 21 Maart 1960, toe 69 mense dood en 'n verdere 180 gewond is tydens 'n protesoptog teen die destydse Paswet. Die Paswet het ten doel gehad om die vrye beweging van swart, bruin en Indiër mense te beperk. Nou, na 57 jaar het ons

Dear Residents

The year is rushing ahead and we are already in the third month of 2017. Within the Municipality we are quickly moving towards the end of the financial year and we are already busy with the process of preparing the new budget and the public participation process which will follow.

Festivals

March also brings many exciting times to our towns and the region. Early in March we kick off with the SU Woordfees. For lovers and connoisseurs of culture it is a wonderful festival of music, drama, topical discussions and much more. I am looking forward to attend a few shows and hope to see you there. The festival brings a flood of visitors to our beautiful towns. I want to welcome all our visitors and hope you enjoy the time you spend with us. I ask that our residents all act as ambassadors during this time. Various harvest festivals also takes place during March. One of the most popular is the Solms Delta Harvest Festival which enjoys great popularity and draws a large amount of visitors to the Franschhoek area.

Human Rights

March is Human Rights Month in South Africa. On 21 March we celebrate Human Rights Day. In South Africa we commemorate the events of 21 March 1916, when 69 people died and a further 180 were wounded during a peaceful protest against the Pass Law. The function of the Pass Law was to restrict the free movement of black, coloured and Indian people. Now, 57 years later we have a

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8314
mayor@stellenbosch.gov.za

IN HIERDIE UITGAWE
IN THIS ISSUE

WATERBEPERKINGS
WATER
RESTRICTIONS
bl/pg 4

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

as Suid-Afrikaners, 'n grondwet wat ons basiese menseregte beskerm. Ons moet dit altyd koester en nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Ons moet seker maak dat ons hierdie regte beskerm, dit eerbiedig en ons moet seker maak dat dit nooit van ons weggeneem word nie. Ek nooi u uit om iets spesiaal te doen hierdie Menseregtedag saam met u gesin of vriende om hierdie regte te vier. Laat weet gerus hoe u dit gevier het.

Fietsry

Die bergfiets entoesiaste in die area sal verheug wees om te hoor van die spesiale eer wat Stellenbosch te beurt geval het. Ons as Stellenbosch is onlangs aangewys as gasheer vir die eerste been van die UCI (Union Cycliste Internationale – International Cyclist Union) Wêreldbeker Bergfietskampioenskappe in 2018! Ons is baie opgewonde hieroor en bedank almal wat so hard gewerk het om hierdie bod te wen. Dit is die eerste keer sedert 2014 dat die geleentheid in Suid-Afrika gehou word en ons is die enigste stop in Afrika! Dit skep 'n nuwe unieke toerisme geleentheid en sal 'n hele aantal groot name in fietsry hierheen bring. Die oorspoeleffek sal ook ekonomiese voordele vir ons inwoners inhou. Die geleentheid sal plaasvind in Maart 2018 en ons sien baie uit na die opwinding wat hiermee gepaard gaan. In die aanloop tot die geleentheid sal die Munisipaliteit en ander rolspelers nou-saamwerk om seker te maak ons bied 'n wêreldklas geleentheid aan.

Wyksbesoeke

Soos ek belowe het, doen ek gereelde besoeke regoor die hele munisipale gebied. Ek was onlangs in Franschhoek, Kylemore en Pniel vir die dag en het daar met inwoners van die gemeenskap ontmoet om te praat oor hul uitdagings en probleemareas wat ons as munisipaliteit moontlik kan aanspreek. Ek het ook Wyk 7 saam met die wyksraadslid besoek en is besig om stelselmatig besoeke in al die wyke af te lê. Dit bly een van die lekkerste dele van my werk om van aangesig tot aangesig met ons inwoners te ontmoet en met hulle te gesels. So word ek ook bewus van die baie uitdagings wat ons nog moet aanspreek en dit motiveer my net om harder te werk sodat ons die beste munisipaliteit in die land kan word.

Selfoontoringsbeleid

U sou in die plaaslike koerant gesien het dat die ons besig is met die saamstel van 'n beleid oor selfoontorings en sellulêre infrastruktuur. Wanneer die beleid gereed is sal dit ook uitgestuur word vir publieke deelname en insette.

Burgemeester-Rektorforum

Met die begin van die nuwe akademiese jaar het die Burgemeester -Rektorsforum die eerste vergadering vir die jaar gehad. Die forum bestaan uit verteenwoordigers van die munisipaliteit, onder andere burgemeesterskomiteelede, direkteure en die burgemeester wat vergader met die rektor van die universiteit en ander verteenwoordigers van die US. Hierdie is 'n uiters belangrike forum omdat die universiteit so 'n groot rol speel in Stellenbosch. Die studente maak ook 'n groot deel uit van ons inwoners, en sake wat hulle raak beïnvloed ons as munisipaliteit, die dorp en inwoners en vice versa. Hierdie tipe forums is vir my uiters belangrik om te verseker dat die verskillende instellings op die dorp saamwerk om ons gemeenskaplike doelstellings te bereik.

constitution which protects human rights. We must protect it and never take it for granted. We must make sure our rights are protected, adhere to it and make sure it is never taken away. I invite you to do something special this day with family and friends to celebrate our rights. Let me know how you celebrated.

Cycling

The mountain bike enthusiasts in the area will be overjoyed to learn of the great honour that befell Stellenbosch. We, as Stellenbosch, were recently appointed as the host for the first leg of the UCI (Union Cycliste Internationale – International Cyclist Union) World Cup Mountain Bike Championships in 2018! We are very excited about this and would like to thank everyone that worked so hard to secure our bid. It is the first time since 2014 that this event will be hosted in South Africa and we are the only stop in Africa. It creates a new unique brand of tourism and will bring some of the biggest names in cycling to the area. The spill over effect will also hold economic benefits for our residents. The event will take place in March 2018 and we are looking forward to all the excitement that accompanies the event. In the run-up to the event, the Municipality will work closely with all stakeholders to ensure we host a world class event.

Ward Visits

As promised, I visit the entire municipal area on a regular basis. Recently I was in Franschhoek, Kylemore and Pniel for the day and I met with residents from the local communities to discuss their challenges and problem areas and to see what we as a municipality can do to address it. I also visited Ward 7 with the ward councillor and I will systematically visit all wards. It is one of the most enjoyable parts of my job to meet our residents and talk with them face to face. That is how I learn about the many challenges we still need to address and it motivates me to work harder so that we can become the best municipality in the country.

Cellular Tower Policy

In the local papers you would have seen that we are in the process of compiling a policy regarding cellular towers and cellular infrastructure. When this policy is ready, it will go out for public participation and input.

Mayor Rectors' Forum

With the start of the new academic year, the Mayor Rectors' Forum had their first meeting. This forum consists of representatives from the municipality, including mayoral committee members, directors and the mayor who meets with the rector of the university and other representatives of the SU. This is a very important forum because the university plays such a big role in Stellenbosch. The students make up a large part of our residents and issues affecting them, affect the municipality as well as the town and its resident, and vice versa. These types of forums are extremely important to me to ensure that our various institutions work together to achieve our shared goals.

Spaar Water

Ek wil weereens inwoners herinner dat ons watersituasie baie ernstig is. Moet asseblief nie water mors nie! Die munisipaliteit het reeds stappe geïmplementeer om oortreders aan te spreek en verdere stappe word ondersoek. Wetstoepassingspanne besoek ons gebiede onafgekondig en polisieer oortreders. Ons gaan binnekort begin om soos Kaapstad die name van oortreders bekend te maak. Werk asseblief saam; dis nie lekker om mense te dissiplineer nie. Graag sê ek dankie vir diegene wat in hul eie omgewing self watergebruik van ander verbruikers moniteer. Die situasie is werklik kritiek omdat dit beskou word as die ergste droogte sedert 1983. Maklike maniere om water te spaar is basiese maatreëls soos om seker te maak krane word dig toegedraai, pype en krane wat lek word vervang en om vinnig te stort eerder as te bad. Inwoners kan op die munisipale webblad gaan kyk na wat presies die waterbeperkings behels (www.stellenbosch.gov.za). Die beperkings sluit onder andere die volgende in :

- **Die aanvulling van private swembaddens word slegs toegelaat indien dit met 'n swembadoortreksel bedek is**
- **Geen outomatiese aanvulstelsel word vir private- of openbare swembaddens toegelaat nie**
- **Die gebruik van pasgemaakte swembadoortreksels vir openbare swembaddens word sterk aangemoedig waar dit prakties moontlik is**
- **Die gebruik van draagbare speelswembaddens word verbied**
- **Sproeipark- en verwante aktiwiteite moet streng bestuur word ten einde watervermorsing te minimaliseer**
- **Tuinslange se gebruik is verbied.**

Inwoners word aangemoedig om watervermorsing aan te meld by die munisipaliteit. Skakel asseblief 021 808 8215/8953/8261 of stuur 'n e-pos na water.restrictions@stellenbosch.gov.za. Alle inligting word vertroulik hanteer.

Ons het 'n groot uitdaging om ons riviere skoon te hou en het nou drastiese maatreëls ingestel om besoedeling te voorkom. Ons het die nodige fondse gevind om ekstra toerusting aan te koop en te installeer. Die situasie is nog nie ideaal nie, maar u kan verseker wees dit geniet my persoonlike aandag en die munisipale bestuurder, Geraldine Mettler, doen gereeld persoonlike besoeke by verwerkingsaanlegte. Ons is dankbaar vir u geduld en sê graag dankie vir alle insette van inwoners. Ek is vasbeslote dat ons mettertyd hierdie situasie onder beheer sal kry.

Ek hoop van harte dat ons binnekort 'n bietjie reën kry. Ek mis my mooi groen tuin en die terapie wat ek kry uit die krap, skoffel en plant. Ek troos myself maar dat die herplant in 'n nuwe seisoen 'n nuwe uitdaging sal bring, maar vir eers moet ons drinkbare water eerste stel.

Groete,
Burgemeester Gesie

Save Water

Once again I want to remind residents that our current water situation is very serious. Please do not waste water. The municipality has already implemented various steps to address transgressors and further steps are being investigated. Law Enforcement teams are visiting all areas unannounced to police transgressors. Soon we will follow the example of the City of Cape Town and make the names of transgressors public. Please cooperate with us; it is not pleasant to have to discipline people. I want to thank those who police the water usage in their areas. The situation is critical because it is the worst drought since 1983. Easy ways to save water is to adhere to a few basic guidelines like closing taps tightly, replacing pipes and taps that leak and to take a quick shower instead of a bath. Residents can have a look on our website to see exactly what the water restrictions entail. It includes the following:

- **Manual topping up of private swimming pools allowed only if fitted with a pool cover**
- **No automatic top-up systems are allowed for private or public swimming pools**
- **The use of fitted pool covers for public swimming pools are strongly encouraged where practically possible**
- **The use of portable play pools are prohibited**
- **Spray parks and related activities are to be strictly managed to minimise water wastage**
- **The use of hosepipes are prohibited.**

Residents are encouraged to report water wasting at the municipality. Please call 021 808 8215/8953/8261 or email water.restrictions@stellenbosch.gov.za. Information is handled confidentially.

We have a big challenge to keep our rivers clean and have implemented drastic steps to prevent pollution. We found the necessary funding to buy and install additional equipment. The situation is not yet ideal but I can assure you it enjoys my personal attention and the municipal manager, Geraldine Mettler, regularly makes personal visits to our treatment works. We are grateful for your patience and I want to thank residents for their inputs. I am determined to get control over the situation in due time.

I really hope that we will get some rain soon. I miss my green garden and the therapy I get from planting and digging. I take comfort that replanting it will bring new challenges, but for now we must make drinkable water a priority.

Best wishes,
Mayor Gesie

Veëls Geluk
aan Stellenbosch Wynroete met julle 3de agtereenvolgende toekenning as Beste Promosie Organisasie by die Internasionale Wyntoerisme Uitdaging.

Congratulations
to Stellenbosch Wine Route on your 3rd consecutive award as Best Promotional Body at the International Wine Tourism Challenge.

WATER BEPERKINGS VAN TOEPASSING OP ALLE GEBRUIKERS

1. Was voertuie met 'n **emmer** water - nie tuinslange

2. **Bedek** swembaddens



3. Drink water uit 'n glas

4. Maak krane styf toe

5. Maak lekkasies reg

6. Maak skottelgoedwassers vol voor aanskakel

7. Maak wasmasjiene **vol**

8. **Maak krane toe** wanneer jy tande borsel of skeer.

9. Maak tuine nat met 'n **emmer/gieter**

10. **Vermy** skoonspuit van harde-oppervlak- of geplaveide areas

Rapporteer alle wateroortredings by 021 808 8215 / 021 808 8953 of water.restrictions@stellenbosch.gov.za

WATER RESTRICTIONS APPLICABLE TO ALL USERS

1. Wash vehicles with a **bucket** of water - not a hose pipe

2. **Cover** swimming pools

3. Drink water from a glass

4. Close taps properly

5. Fix leakages

6. Fill up dishwashers before use

7. **Fill** washing machines

8. **Close taps** when you brush teeth or shave

9. Water gardens with a **bucket/watering can**

10. **Avoid** hosing of hard surfaces or paved areas

Report all water transgressions to 021 808 8215 / 021 808 8953 or water.restrictions@stellenbosch.gov.za